

**Titel:** Om geplant te wees  
**Pastor:** Fred May  
**Datum:** 7 Februarie 2010  
**Tyd:** 08:30



### **Mattheus 15:13 NV**

<sup>13</sup> Maar Jesus antwoord: "Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal uitgetrek word."

#### **a: Lewe vs. bestaan**

##### **Psalm 1:3 NV**

<sup>3</sup> Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.

- In 'n plek van volkome oorgawe en algehele vertroue
- GEPOSISIONEER IN en BERUSTEND BY Sy volmaakte wil

#### **b: Groei vs. stagnasie**

##### **Johannes 15:2**

<sup>2</sup> Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra.

#### **c: Veiligheid en vrede**

##### **Jeremia 17:7-8 NV**

<sup>7</sup> Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; <sup>8</sup> so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie.

#### **d: Gevestig in God se huis**

##### **1. Genade om te gedy / floreer**

##### **Psalm 92:13-15 NV**

<sup>13</sup> Die regverdiges sal sterk wees soos palmbome, soos hoë seders op die Libanon. <sup>14</sup> Hulle vind hulle krag in die huis van die Here en groei op in die tempel van ons God. <sup>15</sup> Selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees.

- Genade om te vermenigvuldig

##### **Esegiël 47:12 NV**

<sup>12</sup> Weerskante op die wal van die stroom sal allerlei vrugtebome groei. Hulle blare sal nie verlep nie en hulle vrugte sal nie opraak nie. Hulle sal elke maand dra, want die stroom se water kom uit die heiligdom. Die vrugte sal daar wees om te eet en die blare om genesing te bring.

- Geposisioneer vir prominensie (God se vertoonvenster)

##### **Jesaja 61:3 NV**

<sup>3</sup> die dag waarop Hy vir dié in Sion wat treur, eer gee in plaas van smart, vreugde in plaas van droefheid, blydschap in plaas van hartseer. Hulle sal genoem word: Bome van Redding. Die Here het hulle geplant om sy roem te vermeerder.

### **Isaiah 61:3 AMP**

<sup>3</sup> To grant [consolation and joy] to those who mourn in Zion--to give them an ornament (a garland or diadem) of beauty instead of ashes, the oil of joy instead of mourning, the garment [expressive] of praise instead of a heavy, burdened, and failing spirit--that they may be called oaks of righteousness [lofty, strong, and magnificent, distinguished for uprightness, justice, and right standing with God], the planting of the Lord, that He may be glorified.

- Krag om te voort te plant

### **Jesaja 60:21-22 NV**

<sup>21</sup> Al jou inwoners sal regverdiges wees, hulle sal die land vir altyd besit. Hulle is die loot wat Ek self daar geplant het, die werk van my hande om my roem te vermeerder. <sup>22</sup> Die kleinste onder hulle sal duisende word, die swakste 'n sterk nasie. Wanneer die tyd daarvoor kom, doen Ek dit. Ek is die Here.

## **2. Jesaja 61:11 NLV**

<sup>11</sup> Want net soos die aarde plante laat uitspruit en die saad in 'n tuin opkom, so sal die Here ook Sy redding sigbaar laat word, sodat al die nasies dit sal sien.